# Nuusbrief 1/2017

# Suidkerk



# Pitkos



(geneem uit Kruispad 24/7)

Filippense 2: 6-11

Dit is vir my onmoontlik om ten volle te begryp waardeur Jesus moes gegaan het. Ek kan my nie indink watter opoffering dit vir Hom moes wees om sy status as God vir eers opsy te stoot en mens te word nie. Hy was rustig in die hemel besig met sy God-dinge. Almal het presies geweet wie Hy is en almal het Hom as God geëer. Jesus was rustig in sy *comfort zone.*

Toe kom die opdrag van God: 'n Reddingsplan is nodig om dit vir die mense moontlik te maak om die Ewige Lewe saam met God deur te bring. Jesus moes sy status eers opsy stoot. Hy moes mens word.

Jesus sien die groter prentjie en is nie bang nie. 6Jesus staan in status op gelyke voet met God. Hy was egter nie so vol van Homself dat Hy tot elke prys aan dié status wou vasklou nie.

*7 Toe die tyd ryp was, het Hy die status en eer wat Hy gehad het eenkant toe geskuif. Hy het 'n mens tussen mense geword. Asof dit nie genoeg was nie, het Hy sommer 'n gewone mens geword wat op die oog af nie uitsonderlik gelyk het nie, ja, iemand van wie baie ander mense niks gedink het nie.*

Ek wonder hoe ek sal reageer as ek die oproep kry om alles net so te los en my status te verander na amper niks nie? Dit ter wille van 'n klomp sondige mense wat heeltemal van die

pad af is.  Ek vermoed ek sou gevra het of daar nie iemand anders is wat dit eerder wil doen nie.

God en Jesus moet ons darem verskriklik liefhê om met so ’n plan vorendag te kom.  Ek is so dankbaar dat Jesus nie iemand anders gesoek het om in sy plek na die aarde te kom nie.  Ek is so dankbaar dat Hy bereid was om so baie op te offer sodat ons weer ’n kans het om die hemel in te gaan.

Die vraag is: Hoe dankbaar is ons?  Is ons ook so dankbaar dat ons self iets sal opoffer?  As ons gevra word om iets wat lekker is eenkant toe te skuif, sal ons dit doen?  Tyd, geld, eer, aansien, energie, sport, ontspanning?  Is jy bereid om enige iets opsy te skuif om vir ander tot seën te wees?

Ek dink sommer nou aan die verhaal van Abraham.  Hy en Sara wat ’n leeftyd geworstel het met ’n nageslag en hoe God hulle op ’n baie hoë ouderdom tog met ’n kind seën.  Hoe groot het die vreugdevure nie in hulle harte gebrand nie?

Maar dan die oproep om hierdie geliefde seun, hulle hoop op ’n nageslag, te offer.  Ek kan my nie indink wat deur Sara en Abraham se koppe moes gegaan het nie. Tog was hulle heeltemal bereid om dit te doen.  Vir hulle was gehoorsaamheid aan God meer belangrik as hulle eie vlees en bloed en daarom was hulle bereid om vir Isak te offer.

Nou weer die groot vraag: Is jy bereid om dit wat vir jou belangrik is, opsy te skuif of op te offer?  Is gehoorsaamheid aan God vir jou meer belangrik as enige iets hier op aarde? God wil vir seker vir ons die beste hê en sal dalk nie sulke hoë eise aan ons stel nie.  Maar soms is daar dinge wat ons doen, dinge wat vir ons vreeslik lekker is, wat tussen ons en God kom staan.

God is ’n jaloerse God en Hy wil nie hê dat daar dinge tussen ons en Hom moet inkom nie.  God verwag van ons om die kanaal tussen Hom en ons skoon te hou.  Dis hier waar die

opdrag kom dat ons moet skoonmaak.  Dat ons dit wat so belangrik vir ons is, opsy te stoot en op te offer. Is jy bereid om dit te doen?  Kan jy soos Jesus sê dat dit nie belangrik is nie en dit gaan doen?

God moet ons help, want ons sukkel hiermee.

## Wat ons elkeen behoort te weet oor lydenstyd



### Wat is Lydenstyd?

Lydenstyd is 'n seisoen van 46 dae waarin die kerk die lyding van Christus in herinnering roep en daarop reageer in voorbereiding op Paasfees.  Lydenstyd wys dat Christus in ons nood ingedaal het.

### Wanneer vier ons Lydenstyd?

Omdat Christene nie op Sondae, die opstandingsdag gevas het nie, begin Lydenstyd op 'n Woensdag (As Woensdag), 46 dae voor Paasfees (40 dae en 6 Sondae).  Waar hierdie Woensdag nie besondere aandag kry nie, begin sommige kerke (ook ons kerk) hulle Lydenstyd op die Sondag voor hierdie Woensdag (dus sewe Lydensweke).

### Simbole, gebruike en rituele in Lydenstyd

- Die kruis is die sentrale simbool in Lydenstyd. Die kruis herinner ons aan die kruisiging van Jesus, ‘n teken van Sy lyding en sterwe. Sit ‘n houtkruis teen jou voordeur of in jou huis, of dra een om jou nek as herinnering aan Lydenstyd.
- ‘n Doringkroon of spykers kan saam met die kruis dien as simbole.
- ‘n Groot wit kers met doringdraad daarom gedraai, beeld uit hoe Christus gekom het om bevryding te bring van alle menslike nood. Oor die sewe Lydensweke kan 8 kerse gebrand word (7 vir Lydenstyd en 1 vir Goeie Vrydag). Elke week word een kers doodgeblaas om die donkerte te simboliseer, totdat al 8 op Goeie Vrydag doodgeblaas is, om die donkerte van Jesus aan die kruis en in die graf te simboliseer.



- Die kleure in hierdie tyd is somber – donker aardse kleure, veral pers.
- Lydenstyd is ‘n tyd van hertoewyding. Daarom staan dissipelskap sentraal. Dit is dus ‘n tyd van toerusting vir dissipelskap.
- Die gebruik om in hierdie tyd van voedsel te vas, staan in die teken van hertoewyding. Hierdie gebruik kan met ‘n bietjie verbeelding met vrug in ons huise gebruik word. As ‘n teken van ons bereidheid om op te offer vir die evangelie, kan ons byvoorbeeld besluit om in hierdie tyd te vas van ‘n gewoonte, soos die lees van tydskrifte of die kyk van televisie. Ons kan ook besluit om van sekere voedselsoorte te vas.

- Lydenstyd is ‘n tyd van bepeinsing en stilte. Afsondering is daarom baie nodig. Dit is ‘n tyd om ons te verwonder oor die kruisiging as dié liefdesdaad van alle tye.
- Lydenstyd is ‘n gereedmaak om vernuwing in ons lewe te ontvang.




**Groot Lydensweek**

Dit is die 7de en laaste Lydensweek en begin op die Sondag wat tradisioneel as Palmsondag bekend staan. Dit verwys na die intog van Jesus in Jerusalem wat gekenmerk is deur die skare wat palmtakke geswaai het en Jesus as die Messias verklaar het.

Die kleure van hierdie week verander na donkerrooi om die bloed van Jesus te simboliseer.

*Geneem uit BUVTON se Leesrooster vir lidmate -2000 tot 2001*

# Paasfees: die hoogtepunt van ons kerkjaar!



## Wat is Pase?

Dit is die hoogtepunt van die kerkjaar wanneer ons die opstanding van Jesus uit die dood herdenk.

## Wanneer vier ons Paasfees?

Paasfees kan nie losgemaak word van die kruisgebeure nie. Die 4 dae wat begin by die Donderdag-aand en eindig by Paassondag, kan gesien word as een aaneenlopende liturgie. Tydens hierdie 4 dae beleef ons 'n eksodus wat deur die dood na die lewe lei.

Donderdagaand: die laaste avondmaal word herdenk, gewoonlik met die viering van die nagmaal.

Goeie Vrydag: die kruisiging van Jesus word herdenk. Die kerk word van alle versiering en simboliek gestroop. Alleen

die beker en die bord is daar om ons aan Jesus se bittere lyding te herinner.

Saterdag: geen rituele is voorgeskryf nie, maar ons dink in stille afwagting aan Jesus in die graf.

Paassondag: met die eerste teken van die nuwe dag, tradisioneel die eerste hanekraai, maar vandag met sonsopkoms, breek die vreugde van die opstanding uit die graf en die oorwinning oor die dood deur.

- Musiek is nou belangrik - ons vreugde gaan oor in lofprysing.
- Nuwe lewe word gevier. Daarom is dit gebruiklik om in hierdie tyd die doop te bedien en nuwe lidmate te bevestig. Vir ons wat gedoop en reeds lidmate is, is dit ‘n tyd van hertoewyding.
- Hoewel die paaseier ‘n kommersiële simbool geword het, is die bedoeling van paaseiers om ons aan nuwe lewe te herinner.
- Kleur staan nou in kontras met die somberheid van die Lydenstyd-kleure. Die dominante kleure is nou wit en goud – kleure van oorwinning en vreugde. Ons kan ons huise en die kerk ook met baie blomme versier!

*Geneem uit BUVTON se Leesrooster vir lidmate -2000 tot 2001*

## Societas Mosselbaai en Smartstart

Robert skryf:

Navorsing het bewys dat 90% van die brein se ontwikkeling plaasvind vóór die ouderdom van 5 jaar, daarom het die Verenigde Nasies en die Suid-Afrikaanse regering beide vroeë kinderontwikkeling (**VKO**) as prioriteite gestel.

In 2015 het die Wes-Kaap Sinode in samewerking met die VGK Kaapland, asook die DG Murray Trust, by drie programme begin inskakel om VKO 'n prioriteit van ons Kerk se dienswerk te maak. Diakonia (NG en VGK saam - voorheen net bekend as Diens van Barmhartigheid) het met Smartstart 'n kontraktuele ooreenkoms aangegaan. Dit is 'n organisasie wat hul beywer om binne die volgende 9 jaar, 1 miljoen 3-4 jarige kinders, uit die armste 40 % van die bevolking, bloot te stel aan VKO.

Ons is die eerste kerk wat by Smartstart inskakel.


Smartstart is 'n sosiale franchise, wat beteken hulle het geen winsoogmerk nie, maar dieselfde kwaliteit, patroon en standaarde word oral in die land gevolg. Smartstart het 'n model wat wonderlik werk in die armste gemeenskappe. Mense hou die speelgroepe in hul huise. Dikwels sal hul bv hulle slaapkamermeubels deur die dag uitskuif om die speelruimte volgens Smartstart se vereistes in te rig.

Na die 2015 sinode, en na ek in Junie na 7 jaar uitgetree het uit die komitee van die nagskuiling, het ek en Lorinda Maritz van Moedergemeente se omgeebediening saam begin werk om Societas Mosselbaai te stig. Die nagskuiling ervaring het my geleer dat daar baie voordele is om die breër gemeenskap te betrek as net bloot ons eie gemeente. Dit is ook baie moeiliker om bv. by die plaaslike regering vir fondse aansoek te doen as ons as kerk by VKO betrokke is. Ons is egter vanuit die gemeente by Societas betrokke, en betrek daarmee ook ons gemeente en ander gemeentes by die werk.

Na 'n artikel in die koerant, en afkondiging in die gemeente het ons begin. Binne 'n paar maande het dinge baie vinnig verloop. Onder leiding van Diakonia het ons 'n voltydse werker in Anne-marie Saffie aangestel, wat as "junior coach" die toekomstige speelgroepe se fasiliteerders (genoem Smartstarters) sal begelei en ondersteun. Anne-marie het met oor die 70 mense onderhoude gevoer, en op die werwingsdag is 42 gekeur deur Smartstart om Smartstarters te word. Van die 42 het 36 'n 5 dag opleiding van Smartstart bygewoon. Ons hoop om in die volgende twee maande met tussen 25-30 Smartstarters te kan begin. Elke Smartstarter kan twee groepies vir twee maal per week neem. Minimum van 6 kinders per groep, en 'n maksimum van 12. Ons kan tussen 150 en 300 kinders in die volgende paar maande inskakel. In die tweede helfte van die jaar sal daar weer opleiding wees. Daar is al groot opgewondenheid in die gemeenskap oor Smartstart.

Daar is tans 5 miljoen kinders onder die ouderdom van vyfjaar in Suid-Afrika. Slegs 25% het toegang tot 'n program vir vroeë- kinderontwikkeling voor hulle die formele skoolonderrig ontvang. In die Distrik van Mosselbaai is daar ongeveer 9000 kinders onder die ouderdom van 5, waarvan ongeveer 1700 een of ander vorm van vroeë kinderontwikkeling ontvang. Die uitdaging is dus groot!

Ons beoog om twee vrywillige persone per skooltjie uit die gemeente aan mekaar te koppel. Die eerste taak is bloot om 'n verhouding met die Smartstarter te bou, en te vra of julle vir hulle kan bid. Soos wat die verhouding groei, kan die twee persone kyk na die behoeftes van die skooltjie en ons kan as gemeente, of deur mense se eie vriendekringe kyk hoe ons die speelgroep kan ondersteun. Dit sluit in die moontlikheid om vitamienverrykte pap te koop, koeldrankproppies en yogurthouertjies of houtblokkies of ander afvalmateriaal versamel wat omskep kan word in speelapparaat. So kry ons almal deel aan die ontwikkeling van die kinders.




Navorsing toon dat kinders wat vroeg gestimuleer word…

- Beter vaar op skool
- Nie op skool uitval nie
- Volwassenes word met goeie emosionele gesondheid
- Meer geld verdien
- Die vermoë het om suksesvol te wees

Vier dinge is vir kinders nodig om eendag suksesvol te wees:

- Gesonde kos
- ‘n Veilige omgewing
- Onvoorwaardelike liefde
- Sinvolle stimulasie




Vanuit ons gemeente is ek, Riekie Burger, Aletta Hanekom en Elizabeth Wrede betrokke by Societas. Ons het egter hoofsaaklik 'n oorsigrol, aangesien die werk deur Smartstart en hul voltydse werker, Anne-marie Saffi gedoen word. Aangesien Smartstart en Diakonia effektief en georganiseerd is, het ons eintlik 'n lae inset met 'n hoë uitkoms.

Met die Here se hulp kan ons werklik 'n verskil maak in arm kindertjies se lewens!

## Nuwe Intrekers Ontbyt

Ek het 'n sms van Ds Danie Smit ontvang - 'n uitnodiging na die nuwe intrekkers ontbyt om 9h00 op Saterdag 18 Februarie. My eerste gedagte was: "My jitte vrou, sien jy regtig kans om saam met 'n klomp vreemde, stywelip kerkmense te gaan eet?"

Voor jy my veroordeel, dink net so 'n bietjie by jouself, so 'n klomp vreemde mense wat nie een die ander ken nie, kan nogal 'n ongemaklike spulletjie afgee. Ek is een wat maar sulke geleenthede moet vermy, aangesien dit net daar is, waar ek altyd die verkeerde ding op die verkeerde tyd kwytraak. Wel, na 'n bietjie selfondersoek en gekoukus met die res van die familie, het ek besef ek is die enigste een wat met hierdie vrees in my rondloop. Ons het besluit om tog die uitnodiging te aanvaar.

Om presies 8h45 op die aangewese dag, het ons die kerk benader. Daar besef ek, dat ek nie eers weet waar die kerksaal is nie. Natuurlik weet ek waar die kerk is en ek was darem al by die kerkkantoor, so ons besluit toe maar dat dit seker in daardie omgewing moet wees. Net voordat dit in 'n regte krisis kon ontaard, sien ons toe die 3 predikante voor die deur staan (op daardie stadium kon ons darem al 2 van hulle herken). Groot was ons verligting toe ons die vriendelikste ontvangs kry en Ds André sommer dadelik weet wie ons is toe ons onsself voorstel.

Met bietjie meer selfvertroue benader ons toe die saal, waar ons die res van die benoude nuwe intrekkers in hopies van 2-2 verwag… Maar groot was ons verbasing, toe ons nader kom en die gegons van lekker geselskap, wat mens by 'n familie reünie sou verwag, hoor. Almal sit gesellig rond en gesels soos ou bekendes. Dit het ek nie verwag nie en dadelik voel ek sommer op my gemak. Nadat ons elkeen 'n plakkertjie met ons name op gekry het, is ons na die keurig gedekte tafels. Ons kon sommer elkeen 'n tafel kies en het dadelik met ons tafelmaats kennis gemaak en net lekker gesels het.

Met moeite het ds André ons stil gekry om die verrigtinge te open en ons aan hom voor te stel en meer oor sy verpligtinge in die gemeente te vertel. Na hom het ds Robert en ds Danie ook elkeen 'n beurt gekry. Dit was duidelik dat elkeen 'n baie groot rol in die gemeente speel en dat hulle dit met 'n passie verrig. Wat my nog meer getref het, is die feit dat hierdie 3 mans, wat klaar soveel pligte in die gemeente het, en elkeen nog 'n familie het wat aandag nodig het, nog die tyd ingeruim het, om die oggend saam met ons te spandeer. As dit nie hulle toewyding bewys nie, dan ken ek nie die betekenis van die woord nie.

Nadat die oudste nuwe intrekker vir ons 'n tafelgebed gedoen het, is die feesmaal bedien. Die vriendelikste gesigte het met 'n trollie vol kos, tussen die tafels deur beweeg. Die borde kos is voor ons neergesit en net as ons dink dit is nou seker klaar, dan kom daar nog 'n trollie met nog 'n gereg. Dit was van yoghurt met vars vrugte, tot vars volgraan brood en tuisgemaakte konfyt en so kan ek aangaan. Dit was sommer duidelik, dat dit nie die eerste "Nuwe Intrekkers Ontbyt" was, wat hierdie flinke vroue al gehou het nie. Hulle het presies geweet waar om te vat en waar om te los. En toe ons agteroor sit en nie meer verder kan nie, het die geurige koffie en koeksisters, gesorg dat daai laaste gaatjie ook gevul is.

Om te groet was nie 'n lekker gevoel nie, want nou het ek besef dat my eerste gevoel van die ontbyt, die verkeerdste gevoel was wat ek nog ooit gehad het. Dit was duidelik dat hierdie geleentheid met die grootste liefde en sorg beplan en uitgevoer was. Die beste van alles, was dat ons die teenwoordigheid van die Here daar kon voel. Hoe anders kon so 'n klomp vreemdeling so gou en so lekker met mekaar oor die weg kom, en op die ou end as vriende uit mekaar gaan. Ons het selfs selfoonnommers en woonadresse op flentertjies papier neergeskribbel. Dit was 'n wonderlike ervaring wat ek vir die res van my lewe as my kennismaking met Mosselbaai-Suid gemeente sal onthou. My enigste teleurstelling is dat ek nie weer 'n nuwe intrekkers ontbyt sal kan bywoon nie!

Nou is dit ons elkeen se verantwoordelikheid om ons plekkie in die gemeente te vind en betrokke te raak by hierdie gemeente, wat ons met soveel warmte welkom geheet het. Hulle het aan ons bewys dat geen ander gemeenteverpligting, belangriker as die gemeente self is nie. Ek dank my Hemelse Vader dat Hy my na hierdie gemeente verwys het.

(Izelle Prinsloo en gesin)





**Uit die Pen van... Pieter van Jaarsveld**
(Geneem uit Vrydagnuus 10 Maart 2017)

Kan dit wees dat die Bybel lankal reeds gesê het wat neuro-wetenskap nou eers bewys?

Inderdaad!

- Positiewe sielkunde beklemtoon positiwiteit en geluk (Johannes 10:10). Negatiewe emosies veroorsaak die

afskeiding van die streshormoon, kortisol, wat kroniese moegheid, uitbranding, vergeet, breinskade en 74% van siektes veroorsaak. Vyf minute van negatiwiteit veroorsaak dat die liggaam vir ses uur lank geen IgA (wat vir jou immuunsisteem verantwoordelik is) afskei nie. Gevolg? Siekte. Kyk wat vra Fil 4:8 van ons. Onthou geluk is 'n keuse.

- Rom 12:2: Verander jou gedagtes en jou lewe vernuwe! Neuroplastisiteit: Jy kan jou brein herbedraad.
  Sê daagliks vir 30 dae: "Ek is 'n gelukkige mens en net goeie goed gaan met my gebeur." Jy sal sien jy is 'n ander mens in 30 dae! Dink net hoe jy jou lewe kan verander met die kennis van neuroplastisiteit!

- Geskape na die beeld van God. Jou brein is gelykstaande aan 100 miljard skootrekenaars. Wat 'n potensiaal!

Laat mens dink, nê….

{*Pieter van Jaarsveld, 'n erkende internasionale konsultant in leierskapsontwikkeling in die sakewêreld, is ook 'n bekende in die radio- en televisieprogramme. Hy het twee meestersgrade (in sielkunde en teologie) en 'n doktorsgraad (oor mense se selfbeeld). Pieter en sy vrou, Irene, het twee getroude seuns. Hy is ook die outeur van drie topverkopers.*}




Met dank aan almal wat 'n bydrae gelewer het tot die nuusbrief. Sonder julle samewerking sou dit nie moontlik wees om hierdie nuusbrief uit te gee nie.

Karen Grobler 082 597 8550

André Kritzinger 084 613 2462